

Gooi vroeg wal teen siektes by soja

Met die toename in sojaboonaanplantings is die voorkoms van plae en siektes op dié gewas ook groter. *Landbouweekblad* het met mnr. Schalk van Wyk, strategiebestuurder vir rygewasse by Bayer CropScience, gesels oor oplossings.

Die korrekte identifisering van siektes verseker die regte behandeling daarvan. Saam met voorkomende stappe kan dit toekomstige verliese aan produksie en inkomste voorkom.

Van die algemene siektes en plae by sojabone word hier bespreek, asook die manier om dit te behandel en te bestuur sodat die maksimum opbrengs steeds behaal kan word.

Sclerotinia-stamvrot is een van die belangrikste siektes wat wortels en stamme aanval. Dit kan groot gedeeltes van die oes laat verlore gaan. Die verwelking en afsterwing van blare word eerste waargeneem. Dit gaan gepaard met 'n bleek, grys stamletsel. In nat weerstoestande oordek 'n wit skimmelgroeï die stamme. In 'n latere stadium is swart oorlewingstrukture op stamme waarneembaar. In gunstige omgewingstoestande is die kans goed dat *Sclerotinia*-stamvrot sal voorkom.

Bakteriese skroei kom redelik algemeen voor, maar dit het 'n geringe invloed op die opbrengs by sojabone. Die siekte word aangehelp deur koel, nat weer. Dit is raadsaam om na die verdraagsaamheid van kultivars

te let. Deklaagbewing ná 'n jaar met swaar besmetting is nie 'n gesonde praktyk nie. In sulke gevalle is 'n deeglike ploegaksie die aangewese praktyk.

Verskeie siektes wat deur swamme veroorsaak word, kan op blare voorkom, waarvan **roes** op sojabone en **grootoogblaarvlek** aansienlike verliese kan veroorsaak. Roes op sojabone is algemener in die laaste deel van die groeityd en is ook meer van 'n bedreiging in die middel en einde van die somer op die Hoëveld. Die meeste gevalle van roes by sojabone word in KwaZulu-Natal aangemeld. Humiditeit, mis en swaar dou help die siekte se ontwikkeling goed aan.

Met **bakteriese chlorose** vertoon die boonste blare van jong sojaboonplante liggroen tot feitlik wit. Die oorsaak van die toestand word toegeskryf aan 'n ondoeltreffende ras van nodulerende bakterieë.

Saadverrotting en saailingverwelksiekte kan 'n swak stand tot gevolg hê wat opbrengsverlaging kan veroorsaak. 'n Bruin tot rooi verkleuring van die stam en penwortel dui op saailingverwelksiekte. Saad en saailinge (voor en ná opkoms) word aangeval en dit gee aanleiding tot 'n swak stand. Dikwels kom saailinge normaal op, maar "verdwyn" dan as gevolg van die verrotting van die penwortel. Hierdie probleem kan voorkom word met behulp van 'n geskikte saadbehandeling.

Sojabone is in alle stadia van ontwikkeling vatbaar vir **antraknose**. In die vroeë stadium van peulvorming vorm talle klein, langwerpige, rooi tot donker letsels op stamme, peule en blaarstele. In 'n laat stadium van plantontwikkeling kan peule deur die swam bedek word en sade word aangeval. Saadbehandeling en blaarbespuiting kan toegepas word waar antraknose ver wag word.



HEEL BO: Ondergemiddelde sojaboonproduksie kan dikwels met tydige behandeling van siektes voorkom word mits die boer betyds die probleem kan identifiseer.

FOTO: LIZA BOHLMANN

BO en INLAS: Swamsiektes by sojaplante floreer in nat, koeler toestande. FOTO: LBW-ARGIEF

Plante word in enige stadium van ontwikkeling deur **Phylloticta-blaarvlek** aangetas. Letsels is kenmerkend V-vormig, maar kan ook rond, ovaal of onreëlmstig wees. Gewoonlik word net die eerste paar drieledige blare daardeur beïnvloed. Stamme en peule en laastens ook sade kan besmet word. Bestrydingsmaatreëls sluit in wisselbou, siektevrye saad en die inploeg van plantreste.

Simptome van **Rhizoctonia-topskroei** verskyn op blare, stamme en peule. Dit begin op die laer of middelste gedeeltes van die plant en beweeg opwaarts. Blare en plantdele verwelk en verkleur groenbruin. Aangetaste dele verbruin en die hele plant verloor blare. Hoë humiditeit en hoë temperature



help die siekte aan. Die siekte kan voorkom of bestry word met weerstandbiedende kultivars of met saadbehandeling.

Hoewel **sojaboonmosaïekvirus** en **sojaboonrhabdovirus** van die virusse is wat by dié gewas voorkom, is dit normaalweg nie 'n groot probleem by sojabone nie. Verseker egter dat virusvrye saad aangeplant word.

INSEKTE EN AALWURMS

Insekte en aalwurms is van die sojaboonplae wat probleme vir boere veroorsaak. Die gewone snywurm, groot valsdraadwurm, Afrika-bolwurm, koolvalslandmeterruspe, sondagsrokkie, groenstinkbesie, bladspringer, blaaspoottjie en plantluise is van die insekte waarvoor uitgeklyk moet word. Die knopwortelaalwurms (*Meloidogyne javanica* en *M. incognita*) kan in ligter sandgronde voorkom. Waar moontlik moet kultivars wat weerstand daarteen bied, aangeplant word. **LBW**